# Die Wapad

JAARGANG XIX — WOENSDAG 24 JUNIE 1964 — NR. 8

VAKANSIE-UITGAWE — OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.



**CLAASSEN & GROBLI (EDMS.) BPK.**

Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM

★ MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS


# BEKWAME AFVAARDIGING NA A.S.B. GESTUUR

**DIE Pukke bied vanjaar die jaarlikse Kongres van die Afrikaanse Studente-Bond aan. Gesien in die lig van gebeure in die Nusas-kringe en mosies in verband daarmee by die meeste Afrikaanse Universiteite en Kolleges, beloof die Kongres om besonder interessant te wees. Die Kunsfees vind plaas vanaf die 20ste tot die 24ste Julie.**

Die Puk het 'n besonder sterk afvaardiging gekies om hulle op die Kongres te verteenwoordig. Ook onder die waarnemers is bekwame persone.

Tesame met die Kongres word die Kunsfees aangebied. Vanjaar is die Kongres en die Kunsfees geskei, in die opsig dat die P.O.K. die Kunsfees aanbied.



MNR. ROELF DU PLESSIS

Stellenbosch stuur 'n sterk afvaardiging. Dit is ook waarskynlik dat die ander lede van die A.S.B. hulle beste en bekwaamste sprekers sal stuur.

Die P.U. vir C.H.O. se Afvaardiging word gelei deur mnr. Fanie du Plessis. Die ander lede van die afvaardiging is die volgende:

Mnre. Roelf du Plessis, Anton Roodt, Gerhard Schutte, Frik van Deventer, Fanie van Rensburg.

Die volgende persone sal as waarnemers die Kongres bywoon:

Mnre. Joon van Rooy, Bennie de Klerk, Chris Putter, Koos Grobler en Mejj. Cecilia Schutte en Kristie Jordaan.

Daar sal ook verskeie Pukke optree of meeding in die verskillende afdelings van die Kunsfees.

**Die Redaksie van die Wapad wens al sy lesers 'n aangename vakansie toe. —(Red.)**

# *Vrolike Sprokiesland*



**Só het dit verlede Donderdag op die Puk se Campus gelyk toe Potchefstroom in 'n vrolike wit sprokiesland omskep is nadat die eerste kapok sedert twee jaar gelede op die dorp geval het. Kort nadat die foto geneem is, is die Campus in 'n „wrede slagveld" van vlieënde sneeuballe omskep en was geen verbygaande dosent sy lewe seker nie. Die vrolike studentepret in die ysige koue was blykbaar aansteeklik en menige klas is sonder voorbehoud afgegee.**

# Thalia toer na Boland

**Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Puk dat sodanige toer na die Boland onderneem word. Aangesien die Puk in hierdie deel van ons land maar swak bekend is, is dit nou 'n gulde geleentheid vir die toergroep van die Thalia Toneelvereniging om hulle Alma Mater op 'n waardige wyse hier bekend te stel.**

Die regie van die stuk is op uiters bekwame wyse waargeneem deur mnr. Louis Malan, 'n oud-student van die Puk.

Die toerstuk is alreeds afgerond en met die nuwe dekor van Thalia kan weer eens 'n program van standaard op die planke gebring word.

Die reisprogram is as volg:
Kroonstad 25 Junie;
Welkom 26 Junie;
Bloemfontein 7 Junie;
Burgersdorp 29 Junie;
Steynsburg 30 Junie;
Middelburg 1 Julie;
Beaufort-Wes 2 Julie;
Worcester 4 Julie;
Paarl 6 Julie;
Wellington 7 Julie;
Moreesburg 8 Julie;
Malmesbury 9 Julie;
Bellville 11 Julie;
Robertson 13 Julie;
George 16 Julie;
Oudthoorn 18 Julie;
Victoria-Wes 21 Julie;
Britstown 22 Julie;
Jacobsdal 24 Julie.
Potchefstroom 1 Augustus.




**AGTER:** Pieter Mulder, Basjan Jacobs, Johan Scholtz, Adri Griffioen, Phoebe du Plessis, Tilla Kühn, Annemie van Rooy, Marietjie Lessing en Sannie Smit.
**MIDDEL:** Gert Krüger, Louise Geertsema, Bettie Ras, Leen Dreyer, Anne-Marie Mischke, Rosil van der Walt, tant Dollie de Beer (Reismoeder), Susan Uys, Nic Vreken.
**VOOR:** Reinie Monster, Hennie Viljoen, Lourens Aucamp, Quax Hakkesteeg, Johan Breedt en Jan Schutte.




**DIE BULT APTEEK**
**TOMSTRAAT 88b en 88c**

*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*

***ONDERSTEUN OUD-PUKKE***

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke

*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

**FLEURETTE BLOEMISTE**
Sleep in by Fleurette
*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*
KERKSTR. 143 TEL. 709

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

*Die Wapad*

WOENSDAG 24 JUNIE 1964

# VAKANSIE VOOR DIE DEUR

Die studiejaar bestaan uit ongeveer agt en half maande — op hierdie stadium is daar ongeveer die helfte van die tydperk verstreke — baie dinge het gebeur en sal nog gebeur.

Op verskeie terreine het die Universiteit goed gepresteer — dink maar aan die Dalrymple, ens. As ons in die toekoms kyk dan lê die Intervarsitie voor, maar ook op akademiese gebied moet ons presteer na die beste van ons vermoë. Die groot vraag is of ons ons deel hier ook ten volle gedoen het. Het alles nie net om eie eer en prestige gegaan nie? Laat ons vertrou dat dit nie die geval was nie.

Aan alle toernooie, toere en dies meer en aan diegene wat aan die A.S.B.-Kunsfees en -Kongres gaan deelneem, sê ons net: Lewer slegs die beste en hou die naam van ons Universiteit hoog. Laat die vakansie 'n ware vakansie wees en kom uitgerus terug vir die laaste harde skof van die jaar.

# Kritiek op Trukkonsert oneerbiedig

**GEAGTE REDAKTEUR,**

**Terwyl ek my die vryheid veroorloof om kritiek oor die kritiek in u blad (30-5-64) te lewer, wil ek ook die hoop uitspreek dat ek nog die skrywer van bogenoemde kritiek nog vir u as redakteur te na kom. Dit is vir my egter haas onmoontlik om by hierdie geleentheid stil te bly en nie die aandag op die een en ander te vestig wat by hierdie saak blykbaar oor die hoof gesien is nie. Dit blyk vir my alhoemeer nodig te wees omdat 'n mens in die bogenoemde artikel net 'n simptoom van 'n baie meer algemene neiging teëkom.**

Laat ons dit duidelik stel: dis net eenvoudig lelik as jong mense oor ouer mense sonder enige eerbied oordeel. Die trant en venyn van gn. kritiek pas m.a.w. nie in 'n studenteblad soos ,,Die Wapad'' nie.

**EGTE KRITIEK**

Ek aanvaar sonder twyfel dat die bedoeling goed is naamlik dat u probeer om op een of ander wyse die konsertlewe onder die aandag van u lesers te bring. In die algemeen noem 'n mens dan ook so 'n artikel 'n kritiek maar dit is 'n amper onvergeeflike misverstand om uit so 'n artikel 'n egte kritiek te maak. 'n Kritiek waarin daar sprake is van ,,onvoldoende afronding, ,,ongeskikte programkeuse'' en maatreëls vir 'n meer aangepaste optrede op die verhoog sal die mees ervare onderwyser uiters versigtig onder vier oë aan sy leerling oordra. Om so iets te mag sê moet 'n mens eerstens seker wees dat daarmee ook iets bereik word en dat die gekritiseerde iemand is wat sal wil verbeter terwille van sy persoonlike vertroue in jou. Daar moet dus, in die tweede plek, aan die kant van die kritikus 'n groot mate van ondervinding en gesag wees, hetsy deur eie suksesvolle beoefening van die kuns hetsy deur kennis uit jare van gedurige aanraking met kunstenaars. U sal verbaas wees as u hoor hoe versigtig juis die mense oordeel wat na 'n lang lewe van eie ondervinding gevra word om te oordeel. En in ons geledere is daar in elk geval niemand wat genoegsaam gesag sou hê om homself as ervare in vergelyking met Cicilia Wessels te beskou nie.

U sal my seker antwoord dat u wel 'n gestudeerde musikus gevra het en dat u aan hom terwille van die gesag van sy wetenskap die verantwoording vir so 'n kritiek moet oorlaat. Daar is egter 'n verskil tussen kuns en kunswetenskap soos bv. tussen die lewe en die wetenskap van die lewe, die biologie. Wat nog meer is, die kunswetenskap is nie 'n eksakte wetenskap nie, met ander woorde, in die kunswetenskap maak dit nie net saak wat deur iemand gesê word nie, maar ook wie dit sê. Uiteindelik is daar die feit dat amper by enige vraagstuk 'n groot hoeveelheid van beskouings moontlik is. Die waarskynlikheid van 'n kort leeftyd van enige sienswyse is dus redelik groot.

**AGTING EN EERBIED**

En al was dit hier selfs dinge wat met die bestendigheid van 'n stelling uit die eksakte wetenskappe teen die uitvoering gesê kon word, is daar absoluut geen wetenskap wat bokant die eenvoudige dinge staan waardeur ons kultuur gedra word nie, d.i. nl. agting en eerbied.

As u iets goeds wil doen laat 'n berig oor 'n konsert so opstel. As die kunstenaar eiewilligheid toon laat dit genoem word. Vertel hoe die publiek gereageer het en as u resensent lus is om 'n bietjie te spot kan hy dit doen deur die besonder slim aanmerkings van al die mense aan te haal wat hulle imponerende kunde of onkunde met graagte aan vrywillige of onvrywillige luisteraars in die pouse op die gange meedeel.

— E. Künkel.

**REDAKSIE**

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

# In U Lig

**Gal. 6:14—,,Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.''**

Wanneer roem 'n mens in iets?

Wanneer jy besig is om met al die vuur wat in jou binneste brand, al die krag wat in jou liggaam en in jou gees teenwoordig is, ja, die laaste greintjie energie wat jy het, **een**, groot, allesbeheersende doel na te jaag . . .

Dan roem jy in daardie doel.

So is die apostel Paulus besig om hier te roem. En die voorwerp van sy roem is die kruis van Christus.

Dit lyk asof hier 'n teenstrydigheid is tussen ,,roem'' en ,,kruis''. ,,Roem in iets'' — dit hou tog die gedagte in van 'n hoë doel wat jy moet bereik, waarvoor jy moet veg. Wat beroemd is, is tog behoorlik vir die mense, aantreklik, indrukwekkend. 'n Mens kan roem in groot klinkende prestasies wat miljoene imponeer . . .

Maar hoe kan jy roem in 'n kruis — simbool van swakheid, skande, vernedering? Die kruis is immers die plek van die verstotene, die vervloekte, die misdadiger wat uit die samelewing uitgewerp is. Die kruisdood is in antieke geskrifte genoem ,,die grusaamste en verskriklikste doodstraf'' of: ,,die mees erbarmlike van alle maniere om gedood te word.'' Hoe kan Paulus in so 'n aanstootlike doodstraf roem?

Ons moet egter noukeurig lees wat hier staan. Hier staan nie ,,kruis'' in die algemeen nie maar ,,die kruis van onse Here Jesus Christus.'' Deur die toevoeging van hierdie heerlike Name van die Middelaar wat aan die kruis gesterf het, word die glorie van die kruis benadruk. Hierdie Name dui op die opstandingsheerlikheid van Christus. Hy het deur die diepte van die kruisdood heen gegaan om verhoog te word bokant al die hemele, volgens die Skrifte.

Aan die kruis het Christus plaasvervangend gesterf vir sy volk. Daarom mag ons en moet ons roem in die kruis van Christus.

Maar Paulus sê ook dat die wêreld vir hom gesterf het aan die kruis van Christus. ,,Die wêreld'' beteken hier die wêreld van die oue mens met sy luste en begeerlikhede, die wêreld wat sonder Christus lewe. Vir Paulus is dit dood.

Hy is egter ook vir die wêreld doodgemaak. Die wêreld van die oue mens kan van hom niks meer verwag nie.

Christus Jesus, die Gekruisigde, is vir hom alles. Soos hy ook elders sê: ,,die lewe is vir my Christus en die sterwe wins''.

Wat is die één, allesbeheersende roem van ons lewe; dit waarby alle ander dinge in die niet verdwyn? Roemtaal is tog nie vreemd aan ons nie. Ons gaan al roemende deur die lewe. Laat ons afdaal na die kamers van ons hart en daar luister na ons roemtaal. Kruisroem — is dit daar, en dit alleen?

P. P. KRUGER.

# Foute in ,,Huisgenoot''-artikel

**GEAGTE HEER,**

**Dit is nie my bedoeling om ruimte in u blad aan te vra nie omdat ek goed begryp dat dit 'n blad is vir studente om hulle sê in te sê. Maar ek voel tog dat ek u moet bedank vir die vriendelike woorde oor my artikel in die Huisgenoot. In alle billikheid teenoor die redaksie van die Huisgenoot moet ek tog darem daarop wys dat mnr. Honiball een van hulle beste senior fotograwe is en mnr. Steytler, wat hom vergesel het, een van die beste joernaliste in ons land. Hulle het die Puk minstens twee keer vir foto's besoek.**

Maar ek skryf eitnlik om 'n fout in die artikel by ons hedendaagse Pukke reg te stel. Dit is nie so dat geen voltydse Puk nog ooit Springbok geword het nie. Johannes (Hans) Aucamp was tweekeer vleuel vir die Sprigbokke teen Cove-Smith se span, 'n prestasie wat, soos ek uitgevind het, nog geensins deur oud-Pukke vergeet is nie. Prof. S. P. van der Walt het my heel eerste op die fout gewys. Mev. Aucamp vertel my dat die studente Aucamp so aangemoedig het in wedstryde dat prof. Jan Kamp se bediende onder die salige indruk verkeer het dit is die oubaas wat so mooi speel dat die studente net gedurig skree vir -Ou Kamp! Ou Kamp!-

Prof. van der Walt het my op twee ander interessante punte gewys. Die goue kandelaar is wel wapenklaar- gemaak deur Pierneef maar die idee het uitgegaan van mev. Jan Kamp en verder is dit prof. Ferdinand Postma. wat die vertroue uitgespreek het dat hier nog duisende studente aan die Puk sal studeer.

Soos ek sê, u blad is 'n blad vir studente maar as mens so 'n artikel skryf, 'n algemene artikel vir die deursnee leser, kom mens altyd weer onder die indruk van die vele dinge wat noodwendig nie ook nog vermeld kan word nie. Soos my promotor dit vir my gestel het: mens gebruik nie al die bakstene wat jy het vir een huis nie. Mens kan altyd bietjie agterweë hou vir nog 'n huis. Maar nou gaan dit so dat mens nie altyd daardie bakstene voorhande het nie omdat jy nie daarvan weet nie! Miskien kan u redaksie dit oorweeg om van ons ouer garde te kry om vir u die een en ander te vertel van daardie jare wat vir mens nou so onwaarskynlik lyk. Ek dink bv. aan prof. Dekker wat met sy aftree verwys het na die dae toe die Raad lank en breed geredeneer het oor 'n uitgawe van minder as R100 terwyl hulle vandag R1000 in 'n paar minute kan afhandel. Mens wonder of ons dit nog alyd besef en altyd dankbaar genoeg is.

Prof. A. Sorgdrager.

# VERSKEIDENHEIDSKONSERT WAS SUKSESVOL

**'n Unieke verskeidenheidskonsert, in sekere gevalle van hoogstaande gehalte, is Vrydagaand 19 Junie deur die P.U. Duitse Studentevereniging aangebied.**

**Die inisiatief het in die eerste plek uitgegaan van Alida Botha, voorsitster van die Duitse vereniging wat onder andere mnr. Eberhard Künkel en Jurgen Goebel genader het om sekere items aan te bied en af te rig. Sy is 'n 4e jaar student in U.O.D. wat Duits as een van haar hoofvakke geneem het en dit is aan haar deursettingsvermoë en oorspronklikheid te danke dat die aand so geslaagd was.**

Die Duitse koor wa deur Eberhard Künkel afgerig is, verdien besondere vermelding veral vir die meesterlike vertolking van ,,Der Greis'' van Josef Haydn. Dit was duidelik dat hulle goed afgerond is en dat daar 'n baie noue kontak tussen die dirigent en koorlede was.

**HOOGSTAANDE GEHALTE**

Susan Sauermann, met haar aanbieding van die Mozart-sonate no. 4 in E-mineur het 'n uitvoering van hoogstaande gehalte gelewer.

Ook die sangsolo's deur Irene Stavast verdien hoë vermelding. Dit het opgeval dat sy fyn kontrole oor haar stem gehad het in die moeilike ,,Süder'' wat sy vertolk het. Sy is ook begelei deur Eberhard Künkel.

Susan Schutte en Klaas van der Wal verdien vermelding vir hulle natuurlike toneelspel in die eenbedryf EIGENSINN. Die keuse van die stuk het in die smaak van die gehoor geval en is oor die algemeen goed gevolg.

Die verwelkoming wat deur die kleurvolle Duitse Volksliedgroep gedoen is, was baie oorspronklik en spontaan en het onmiddellik die regte gesindheid by die gehoor gekweek. So ook die kroegtoneel waarin Jürgen Goebel 'n leidende aandeel gehad het.

Die laaste optrede van die Volksliedgroep het egter teleurgestel. Dit was duidelik dat hulle onafgerond was — die woorde is afgelees en daar was geen tekens van lewe of onlewing by die groep te bespeur nie.

Oor die algemeen het die konsert bygeval gevind by 'n besondere spontane gehoor — die saal was feitlik stampvol — en die Duitse plate wat gespeel is tussen items het die atmosfeer opgevrolik.



**Mej. Alida Botha, Voorsitster van die Duitse Vereniging**
Foto: Fotokuns

## PLUIMBALTOERNOOI TE STELLENBOSCH

**Die Pluimbalklub neem van 20 tot 25 Julie deel aan 'n toernooi te Stellenbosch. Aangesien dit die eerste toernooi sal wees waaraan die klub deelneem, is die spanne bietjie onseker omtrent hulle kanse. Te oordeel aan die vertonings tydens die twee voorafgaande wedstryde kan daar dalk nog 'n verrassing of twee wees, veral aangesien Johan de Wet ook die toer sal mee maak. In die enkelspel behoort hy beslis iets te kan uitrig. Dan is daar ook Rosalie de Klerk, een van die jonger spelers, wat belowende spel lewer.**

Wat die dubbelspel betref, lyk die kombinasies goed en indien dieselfde spel as tydens die klubkampioenskappe gelewer word, kan die Pukke vir hulle naam maak.

Die spanne is as volg:

P. Kruger (Kapt.), E. Buys (O/Kapt.), J. de Wet, M. Schutte, W. van Kralingen, L. van Eck, T. Coetzee, R. de Klerk.

Daar is werklik groot entoesiasme wat die toer betref, veral as in aanmerking geneem word dat alle koste deur die spelers self gedra word. Die klub sien vooruit na 'n voorspoedige toernooi en as reisouers vergesel Dr. en mev. van Wyk hulle.



**Twee tonele uit die verskeidenheidskonsert wat op 19 Junie deur die Duitse Vereniging aangebied is. Op die boonste foto verskyn Jurgen Goebel met lede van sy volkssanggroep met 'n sangnommer. Op die foto onder verskyn v.l.n.r.: Anita du Plessis, Susan Schutte, Okkie van Rensburg, Klaas van der Wal, Hennie Swanepoel en Isabel Schlebusch.** Fotokuns



*ONDERSTEUN*

*ONS*

*ADVERTEERDERS*

# Gekus en Gekeu

**En so tussen al die klimaatsfratse deur het ons gekom aan die einde van 'n ander termyn. As ons hierdie semester moet opsom, sal die oorwegende aspek dié van kusse en keurings wees en heeltemal tereg ook. In 'n tydperk van soveel buitelandse haat en vyandigheid is dit noodsaaklik dat ons binnelands hegte en intieme bande van liefde en vriendskap aanknoop en verstewig.**

Dié van ons wat hulle nog nie in sulke strikke van intiemheid bevind nie, het ses weke kans om te oriënteer, voor te neem en dapper te raak.

Nie dat ses weke so 'n oneindige lang tyd is wat hierdie tere sakies betref nie. Sommige van ons (ek dink hier byvoorbeeld aan ons geagte hoofredakteur) neem ses weke om te oriënteer, ses weke om voor te neem en dan 'n verdere ses weke om dapper te raak.

Hou lekker vakansie en sorg maar dat daar volgende kwartaal baie stof vir hierdie rubriek is. Tot wederom.

# A.S.B. KUNSFEES VOLKSPELE WEEK

**Met die Volkspelekompetisie, Maandagmiddag 20 Julie open die A.S.B. Kunsfees gewoonlik op 'n baie hoë noot, aangesien hierdie item een van die kleurvolstes op die program is. Die kompetisie vind vanjaar in die Totius-Gedenksaal plaas en sal die P.U.-groep ,,tuis in die planke'' wees as hulle moet op wals.**

Met Pieter van der Walt en Martie Vorster aan die voorpunt hoop die P.U.-Volkspelelaer om vanjaar beter te vaar as verlede jaar, waar hulle 'n derde plek gekry het. Veral onder die bekwame afrigting van Neef Bertus van Rooyen behoort die groep redelik ,,Volkspele-fiks'' te wees om so die ,,wedstryd'' met vertroue te kan aanpak. Die volgende spelers is uit die Volkspele-demonstrasiegroep gekies om die P.U.-Volkspelelaer op die Kunsfees Volkspelekompetisie te verteenwoordig:

Martie Vorster (leidster), Pieter van der Walt (leier); Herma Roux, Theo Jooste (onder-leier); Tersia Geere, Nico van der Merwe; Lina Muller, Lukas Schutte; Barenda du Plessis, Bennie de Klerk; Geert du Plessis, Jan At Kruger; Monica du Plessis, Dewald Steyn; Elize Grundlingh, Schutte Venter; Elma Venter, Danie van Wyk; Isabel Schlebusch, Fanie Grove.

**BEOORDELAARS**

Tannie Marie Vosloo en Neef Duimpie Strydom sal die beoordeling van die Volkspelekompetisie waarneem. Die twee verpligte speletjies wat gespeel word is BOEMFEDARALLA en TARABOEMDERY. Elke groep speel benewens hierdie twee speletjies nog een opsionele speletjie. Die P.U.-Volkspelekompetisiegroep het hier die vrolike en opgewekte DIS HEERLIKE LENTE uitgesoek, waarmee hulle ook op 'n besonder oorspronklike manier (neef Bertus se breinkrag) sal inkom.

**KURSUS**

Vanaf Dinsdag 21 Julie vind 'n Volkspelekursus, ook in die Studentesaal plaas. Die spelleier by hierdie geleentheid is Oom Danie Vosloo, Sekretaris van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele. Die begeleiding is in die bekwame hande van Daleen Basson. Dit is vir die P.U.-Volkspelelaer 'n groot voorreg dat die Nasionale Raad haar aangewys het om die belangrike taak te vervul. Daleen sal ook die P.U.-groep tydens die kompetisie begelei. Die sangleiding wat 'n baie groot deel van die kursus uitmaak word deur Tannie Marie Vosloo waargeneem.

Vir die kursus het die P.U.-Volkspelelaer vyftien pare ingeskryf. Hierdie mense sal sekerlik in die toekoms die spelers wees wat die toon in die Volkspelelaer sal moet aangee. Aan die P.U. Volkspelelaer word alle sukses met die Kompetisie toegewens en indirek ook aan al die ander Universiteite en Kolleges wat vir die Volkspeleafdeling van die Kunsfees ingeskryf het.—(Red.).

,,VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . .''

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/2

# . . . EN WESTELIKES SE KOPPE ROL OOK!

## Theos neem weerwraak

**In een van die geniepsigste wedstryde wat nog op die Park plaasgevind het, het die Eerstespan op Saterdag, 20 Junie, daarin geslaag om die span van Westelikes met 'n telling van nege punte teenoor nul huis toe te stuur. Die rustydtelling was 6 — 0 in die Pukke se guns.**

Dit is te betwyfel of daar sedert 1962 toe die Gekombineerde Magte-span en die Leeus oerwoudrugby op die Park gespeel het, 'n humeuriger wedstryd op die Park gesien is. Moontlik het die ongure Siberiaanse weersomstandighede daarmee iets te doen gehad.

Verlede jaar het Westelikes die Puk in 'n teleurstellende wedstryd met 19-5 verslaan. Saterdag was dit vanaf die afskop duidelik dat die Geeltruie vasbeslote was om die neerlaag uit te wis. Hulle het die besoekers in alle afdelings van die spel van voor en agter vasgevat en geen kans gegun om die Puk se doellyn te bedreig nie.

**MOOI STUKKIE WERK**

Binne die eerste vyf minute het Danie van Wyk na 'n agterlynbeweging naby die hoek oorgeval. Spekkies de Villiers se vervyfskop was rakelings mis. Kort hierna het Spekkies die hele span van Westelikes op die verkeerde voet gevang toe hy die bal na 'n strafskop net 'n tikskoppie gegee het, in plaas van om pale toe te skop. Hy het die bal reeds agter die doellyn geplant gehad voordat die verdwaasde span van Westelikes sy set agtergekom het. Nie 'n vinger is op hom gelê nie. Dit was beslis een van die mooiste stukkies werk wat vir 'n lang tyd op Olënpark uitgevoer is.

In die tweede helfte het Spekkies in verdere drie punte tot die telling bygevoeg toe hy met 'n strafskop geslaag het. Hierdie heelagter van die Puk het die afgelope paar wedstryde skitterende rugby gespeel en hy is ongetwyfeld die belangrikste eksponent in die span sover dit die opstapeling van punte aanbetref.

**DAVE TROMP**

Barrie Barnard het weer eens 'n pronkwedstryd gespeel, terwyl Sauermann deurgaans woelig was. Hulle afwesigheid, asook dié van Spekkies, sal op die toer terdeë gevoel word.

Vir die eerste keer vanjaar was Theos se lynstaanwerk Saterdag 'n lus om te aanskou, met Dave Tromp skitterend op stryk. Kobie van der Walt se skouerbesering het in die wedstryd weer begin las gee en hy moes vir 'n gedeelte van die wedstryd as tweede heelagter diens doen. Hy sal hom waarskynlik ook nou aan die toerspan moet onttrek.

**NESERBEKER**

Na Saterdag se oorwinning beklee die Pukspan nog die derde plek op die Wes-Transvaalse liga-leer. Goldfields-Wes en Lichtenburg is net bokant hom. Daar is nog een wedstryd oor en moontlik skuif die Pukke nog hoër. Laer as derde plek kan hy nie meer eindig nie, terwyl die Neserbeker nog gewen kan word indien Goldfields en Lichtenburg elkeen hul orige wedstryd verloor.



Die P.U.-stoeispan is: Foto: Fotokuns
**Agter: D. Bosman, T. v. d. Walt, P. Potgieter, M. Lindeque**
**Voor: F. Botha, F. Erasmus, P. Goosen, P. König.**

# Stoeispan na Kaapstad vir Kampioenskappe

**Hoewel die Stoeispan baie probleme moes oorbrug, is daar uiteindelik sover gevorder dat die span wel kan afreis na Kaapstad om te gaan deelneem aan die S.A.U.-Kampioenskappe.**

Hoewel ietwat onbekend op Puk, beskik die stoeiers vanjaar oor 'n baie sterk span. Tot dusver het die span nog baie moeite ondervind om toernooie teen ander klubs gereël te kry. Die lede van die Stoeiklub het egter alle oefeninge baie gereeld bygewoon en ook baie getrou geoefen. Die verwagting is dus dat die stoeiers hulle baie deeglik sal laat geld in Kaapstad en ook daar die P.U. vir C.H.O. se naam baie hoog sal hou.

**PIET GOOSSEN**

Met 'n lid soos Piet Goossen, wat ook op die S.A.U. van verlede jaar die beker gewen het vir die mees wetenskaplike stoeier op die kampioenskappe, kan die Pukstoeiers die kaarte van die ander Universiteite sleg deurmekaar krap. 'n Terugslag vir die Puk is egter die feit dat die kaptein en onderkaptein, nl. Jurie Viljoen en Jasper Brand weens onvermydelike omstandighede nie aan die kampioenskappe sal kan deelneem nie, asook Leon Wolmarans, 'n stoeier wat al groot bekendheid verwerf het.

Die stoeiers sien uit na die kampioenskappe, aangesien dit nie elke jaar is dat dit in Kaapstad gehou word nie. Die span sal per S.R.-Kombi afreis en sal vertrek op Vrydag 26 Junie en op Donderdag 2 Julie weer terugkeer. Woensdagaand word daar 'n afskeidsdinee gereël, sodat 'n aangename tyd in die vooruitsig gestel word.

## W.-Tvlse kampioene

Die landloopspan van Weermag het gister op Potchefstroom die Wes-Transvaalse ligakampioene geword toe hulle die laaste byeenkoms van die seisoen met 38 punte teenoor die 43 van Universiteit, die 51 van Strathvaal en die 71 van Normaal gewen het.

Louis Stark van Strathvaal het andermaal eerste oor die wenstreep gedraf toe hy die afstand van nagenoeg 6½ myl in 34 minute 37 sekondes afgelê het. L. Snyman van Universiteit was tweede in 36 minute 13 sekondes, met L. Putter van Weermag derde, D. Steyn (Universiteit) vierde, M. Ferreira (Weermag) vyfde en J. Buys (Universiteit) sesde. (Sondagstem).

## Stoeiklub presteer

In 'n kragmeting wat op Saterdag 20 Junie plaasgevind het tussen die Pukke en Goudstadse Onderwyskollege, het die Pukke getoon dat hulle op die stoeigebied kan presteer.

Van die sewe gevegte wat plaasgevind het, het die Pukke vyf gewen. Vier van die vyf wat gewen is, is met valle beslis en die oorblywende een moes weens 'n besering gestaak word.

# Rugbyspan toer na die Noorde

**Om die koue te ontvlug, gaan Jona Viljoen die komende vakansie met vier-en-twintig rugbyspelers in Noord-Transvaal kuier. Die manne vertrek op 25 Junie per trein en sal as alles goed verloop half-een die oggend van 16 Julie weer op Potchefstroom land.**

Ses wedstryde word in hierdie tyd gespeel. Die eerste is Saterdag 27 Junie teen Messina. Vandaar sal daar ook 'n draai in Rhodesië gemaak word en Sondagaand slaap die manne op Soekmekaar in die hotel.

Woensdag 30 Julie pak die Pukke Tzaneen aan en vandaar gaan hulle na Phalaborwa om 2 Julie teen die tuisspan kragte te meet. Pietersburg kom 4 Julie aan die beurt.

**RUGBYDAG**

Op 8 Julie draf die Pukke saam met Potgietersrus op die veld; op 11 Julie kom Naboomspruit aan die beurt en laaste, maar nie die minste nie, is die Rugbydag op Groblersdal (18 Julie) waar die Pukke teen die plaaslike span speel.

Die spelers wat die Puk verteenwoordig is: B. Raman, B. Fourie (0.20), Danie van Wyk, Hannes Visser, Faan van Tonder, H. Joubert, Joof Otto, P. Venter (O. 20), C. Pretorius, H. Meadon, Dries Redelinghuys, B. de Klerk, (O. 20), Jona Viljoen (Kaptein), Boeboe Venter (O. 20), W. Scott (O.20), R. Ingram, Jan Kruger, D. Tromp, Paul du Plessis, J. van Graan, A. de Wet, P. Duvenage en Dok Briers. Die bestuurder is mnr. Hans van Zyl.

**VERSWAK**

Ongelukkig is die span baie verswak as gevolg van talle onttrekkings, en slegs agt gereelde Eerstespanspelers kan die toer meemaak. Nou sal verskeie juniorspelers egter die kans kry om hulle slag te wys in groot geselskap, en die verwagting is dat die toerspan hom nogtans goed van sy taak sal kwyt.

## Liga puntestand

Na afloop van Saterdag se klub-rugby in Wes-Transvaal is die puntestand vir die Neserbeker soos volg:

| | s | w | v | g | pv | pt | p |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Goldfields-Wes | 8 | 6 | 1 | 1 | 151 | 63 | 13 |
| Lichtenburg | 8 | 6 | 2 | 0 | 114 | 94 | 12 |
| Universiteit | 8 | 5 | 2 | 1 | 92 | 59 | 11 |
| Potchefstroom | 8 | 4 | 4 | 0 | 94 | 92 | 8 |
| Strathvaal | 8 | 4 | 4 | 0 | 87 | 98 | 8 |
| Westelikes | 8 | 4 | 4 | 0 | 83 | 105 | 8 |
| P.O.K. | 8 | 3 | 4 | 1 | 95 | 68 | 7 |
| Klerksdorp | 8 | 2 | 5 | 1 | 70 | 119 | 5 |
| Sasolburg | 8 | 2 | 6 | 0 | 68 | 122 | 4 |
| Western Reefs | 8 | 2 | 6 | 0 | 59 | 103 | 4 |

# Interuniversitêre Gimnastiek op Potchefstroom

Vanjaar vind die Interuniversitêre Gimnastiek - Kampioenskappe hier by ons plaas en wel op die 3de en 4de Julie. Dit beloof 'n baie groot toernooi te wees aangesien al die universiteite verteenwoordig sal wees.

Die kompetisie sal sterk wees, aangesien persone soos P. Wilson-Samson en N. Graham glad nie onbekendes op hierdie gebied is nie. In werklikheid is Graham 'n Springbok wat S.A. reeds op die Wêreldspele verteenwoordig het.

Die span wat die Puk sal verteenwoordig, is:-

MANS:
W. Putter, K. Kriel, J. Jordaan, T. van der Walt, P. Joubert,

DAMES:
G. Bester, H. van der Walt G. Pieters, S. Fourie, S. Fourie, P. Koole, E. Breytenbach.

# JUDOKAMPIOENSKAPPE GEHOU IN DURBAN

Twee spanne van die Puk neem van 6-10 Junie aan die Judokampioenskappe deel en die Universiteit van Durban tree op as gashere.

Die Puk wat een van die jongste Universiteitsklubs is, het alreeds goeie resultate behaal op interuniversitêre gebied en hoop om vanjaar hul posisie te verbeter. Hoewel die Puk 'n paar staatmakers soos Andre Greeff, wat verlede jaar saam met Willie van Aarde vir die S.A.U.-span gekies is, Louis Coetzee en Jo Neethling verloor het, beskik hul oor genoeg talent om stewig te vertoon.

Die judokas wat gekies is om die Puk te verteenwoordig is:

**Eerste Span:**
Willie van Aarde (Kapt.)
Chris Jordaan
Steve van der Walt
Dries de Jager
Maarten Roode.

**Tweede Span:**
Thys Cronje (Kapt.)
Thys van Dyk
Thys Lourens
Danie Swanepoel
Freddie de Beer
Wimpie van der Merwe



**W. VAN AARDE IN AKSIE**

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 — POTCHEFSTROOM

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
**Tel. Nrs. 12 en 2582**
**Kerkstraat 122** **Posbus 171**